http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-129

# 'n Woord van AFRILEX

'n Totaal van vyf kontinentale verenigings vir die leksikografie is tans aktief. Alhoewel hierdie verdeling heeltemal kunsmatig is — omdat elke vereniging leksikografiese bydraes in enigeen van die wêreld se tale verwelkom — bly die skeiding prakties. AFRILEX, gestig in 1995, is een van die jonger familielede, aangesien die DSNA reeds twintig jaar vroeër tot stand gekom het. Drie van die vyf kontinentale verenigings het ook "hulle" eie tydskrif soos gesien kan word in die tabel hieronder.

| Vereniging | Akroniem | Gestig | Tydskrif | Sedert |
|---|---|---|---|---|
| The Dictionary Society of North America | DSNA | 1975 | *Dictionaries* | 1979 |
| European Association for Lexicography | EURALEX | 1983 | IJL | 1988 |
| Australasian Association for Lexicography | AUSTRALEX | 1990 | — | — |
| African Association for Lexicography | AFRILEX | 1995 | *Lexikos* | 1991 |
| Asian Association for Lexicography | ASIALEX | 1997 | — | — |


Die eerste nommer van die tydskrif *Dictionaries*, die lyfblad van die DSNA, het vier jaar na die vereniging se totstandkoming verskyn. Bydraers tot *Dictionaries* moet lede van die DSNA in die publikasiejaar van hulle bydraes wees. Die eerste nommer van die *International Journal of Lexicography* (IJL), die lyfblad van EURALEX, het vyf jaar na die vereniging se totstandkoming verskyn. Bydraes van enige vakkundiges word vir IJL aanvaar. Die verwantskap tussen AFRILEX en *Lexikos* is egter effens anders, omdat die eerste nommer van "ons" tydskrif vier jaar *voor* die totstandkoming van ons vereniging verskyn het. In werklikheid het die inisiatief om die tydskrif *Lexikos* van stapel te stuur van die Buro van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) gekom, en toe AFRILEX gestig is, was ons vereniging gelukkig genoeg om deur 'n reeds suksesvolle publikasie gedra te word. Deur die jare het die redakteur van *Lexikos* die voorkoopreg begin verwag op hersiene referate wat aanvanklik gelewer is by AFRILEX-konferensies, en bykomend bydraes verwelkom uit enige deel van die wêreld oor enige taal (tale). Wat aldrie tydskrifte — *Dictionaries*, IJL, en *Lexikos* — in gemeen het, is dat hulle ingesluit is by die lidmaatskap van die onderskeie verenigings — die DSNA, EURALEX en AFRILEX. Ledegeld vir AFRILEX dek egter nie die koste om *Lexikos* te publiseer nie, sodat ons steeds erkenning moet verleen aan die Buro van die WAT vir sy vermoë om donasies te verkry om hierdie wonderlike publikasie te subsidieer. Wanneer daar dan na

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-129



die volle prentjie gekyk word, was AFRILEX werklik baie gelukkig om op soveel vlakke met die Buro saam te werk, en dit reeds vir vyftien jaar.

Hierdie goeie gelukslae het nie daar geëindig nie. Soos ek in my Woord van AFRILEX in verlede jaar se nommer daarop gewys het, is *Lexikos* nou 'n geïndekseerde tydskrif waarvoor 'n impakfaktor bereken word in die kategorie Linguistiek. Soos gesien kan word uit die grafiek hieronder, het die laaste (2009) impakfaktor van *Lexikos* meer as verdubbel in vergelyking met die vorige een.




Om die geheue te verfris, die impakfaktor word soos volg bereken: Vir enige besondere jaar word die aantal verwysings na artikels gepubliseer in die twee vorige jare verdeel deur die totale aantal artikels gepubliseer in hierdie twee jaar. In die 2009 Journal Citation Reports gee dit die volgende vir *Lexikos*:

| Verwysings in 2009 na artikels gepubliseer | | | Aantal artikels gepubliseer | | |
|---|---|---|---|---|---|
| in: | 2008 = | 14 | in: | 2008 = | 21 |
| | 2007 = | 20 | | 2007 = | 30 |
| | Som: | 34 | | Som: | 51 |

$$\text{Impakfaktor} = \frac{\text{Verwysings na onlangse artikels}}{\text{Aantal onlangse artikels}} \quad \frac{34}{51} = \mathbf{0.667}$$

Met 'n impakfaktor van 0.667, is *Lexikos* nou 49ste in rang uit 92 tydskrifte in die Linguistiekkategorie, wat dit in die sogenaamde derde kwartiel plaas (op vanaf die vierde kwartiel). Met die impak van *Lexikos* nou dubbel van wat dit was, ons hartlike dank aan sy redakteur, dr. J.C.M.D. du Plessis, sowel as sy regterhand, me. Riette Ruthven, gelyklopend verdubbel!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-129

# A Few Words from AFRILEX

A total of five continental associations for lexicography are currently active. Although this division is entirely artificial — as each association welcomes lexicographic endeavours in any of the world's languages — the cut-up remains practical. AFRILEX, founded in 1995, is one of the younger siblings, given that the DSNA had already been created twenty years earlier. Three of the five continental associations also have 'their' own journal, as may be seen in the table below.

| Association | Acronym | Founded | Journal | Since |
|---|---|---|---|---|
| The Dictionary Society of North America | DSNA | 1975 | *Dictionaries* | 1979 |
| European Association for Lexicography | EURALEX | 1983 | IJL | 1988 |
| Australasian Association for Lexicography | AUSTRALEX | 1990 | — | — |
| African Association for Lexicography | AFRILEX | 1995 | *Lexikos* | 1991 |
| Asian Association for Lexicography | ASIALEX | 1997 | — | — |


The first volume of the journal *Dictionaries*, the mouthpiece of the DSNA, appeared four years after that association's establishment. Contributors to *Dictionaries* must be members of the DSNA in the year of publication of their contributions. The first issue of the *International Journal of Lexicography* (IJL), the mouthpiece of EURALEX, appeared five years after that association's establishment. Contributions from any scholars are accepted in IJL. The relationship between AFRILEX and *Lexikos*, however, is slightly different, as the first volume of 'our' journal appeared four years *before* the establishment of our association. In effect, the initiative to launch the journal *Lexikos* came from the Bureau of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), and when AFRILEX was established, our association was lucky enough to be able to piggyback on an already successful publication. Over the years, the editor of *Lexikos* has come to expect a right of first refusal for reworked papers initially read at AFRILEX conferences, and additionally welcomes material from any part of the world, on any language(s). What all three journals — *Dictionaries*, IJL, and *Lexikos* — have in common is that they are included with a membership of the respective associations — the DSNA, EURALEX, and AFRILEX. Membership fees for AFRILEX, however, do not cover the cost to produce *Lexikos*, so we should continue to be grateful to the Bureau of the WAT for its ability to attract dona-

http://lexikos.journals.ac.za
doi: 10.5788/20-0-129



tions with which to subsidize this wonderful publication. Looking at the full picture, then, AFRILEX has been very fortunate indeed to be able to cooperate with the Bureau on so many levels, and this for fifteen years already.

These strokes of good fortune did not end there. As I pointed out in my Word from AFRILEX in last year's volume, *Lexikos* is now an indexed journal for which an Impact Factor is being calculated, in the category Linguistics. As may be seen from the graph below, the latest (2009) Impact Factor of *Lexikos* has more than doubled compared to the previous one:




As a reminder, here is how Impact Factors are calculated: For any particular year, one divides the number of cites to articles published in the two previous years, by the total number of articles published in those two years. In the 2009 Journal Citation Reports, this gives the following for *Lexikos*:

| Cites in 2009 to articles published in: | | | Number of articles published in: | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 2008 = | 14 | | 2008 = | 21 |
| | 2007 = | 20 | | 2007 = | 30 |
| | Sum: | 34 | | Sum: | 51 |

$$\text{Impact Factor} = \frac{\text{Cites to recent articles}}{\text{Number of recent articles}} \quad \frac{34}{51} = \mathbf{0.667}$$

With an Impact Factor of 0.667, *Lexikos* now ranks 49th out of 92 journals in the Linguistics category, which places it in the so-called third quartile (up from the fourth quartile). With the impact of *Lexikos* now double of what it used to be, our heartfelt thanks to its editor, Dr J.C.M.D. du Plessis, as well as his right hand, Ms Riette Ruthven, redouble concurrently!

Gilles-Maurice de Schryver
President: AFRILEX